
# ‘n Tyd Soos Hierdie





**2020-06-07**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**



## INLEIDING

- Jy is nie per ongeluk op hierdie oomblik hier nie.
- Waar jy werk.
- Waar jy nou toegang het.
- Hierdie spesifieke uitdagings en tyd waarin ons nou is.

# Skrifgedeeltes

- Est 4:14
- Hand 1:8
- Mat 28:19
- 1 Tes 5:18-19, 22
- Ef 6:18
- Mat 25:1-13
- Jes 55:6
- Joh 14:3



# Ester – Op Die Regte Tyd

- God gebruik Ester om haar familie en die volk in die koninkryk van koning Ahasvéros te red van uitwissing.
- 127 provinsies

Est 4:14 Want as jy nou werklik swyg, sal daar van ‘n ander kant af verligting en redding vir die Jode tot stand kom, maar jy en jou familie sal omkom, en wie weet of jy nie met die oog op ‘n tyd soos hierdie tot die koninklike waardigheid geraak het nie?

## Wat Kan Ek En Jy Doen In Hierdie Tyd?

- Deel die goeie nuus van Jesus Christus. (share)
- Getuig
- Kry Heilige Gees krag in jou
- Maak 'n verskil en leer.
- Wen 'n siel vir Jesus (probeer iemand red soos Ester)

Hand 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het

## Wat Kan Ek En Jy Doen In Hierdie Tyd?

- Bid sonder ophou

1 Thes 5:17 Bid sonder ophou.



- Wees in alles dankbaar

1Thes 5:18 Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.

## Wat Kan Ek En Jy Doen In Hierdie Tyd?

- Bid in die Gees & waak

Ef 6:18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

1Kor 14:14 Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar.

- Blus die Heilige Gees nie uit nie

1Thes 5:19 Blus die Gees nie uit nie.

## Wat Kan Ek En Jy Doen In Hierdie Tyd?

- Bly weg van kwaad en alles wat sleg is (Onttrek jou).

1Th 5:22 Bly weg van elke vorm van kwaad.


* Hoekom?

- Dit maak jou onrein en onvrymoedig om met God te wandel (soos Adam).
- Jy wandel in die vlees en mis uit op geestelike dinge.
- Jy maak jou oop vir die vyand (verkeerde gees).

## Wat Kan Ek En Jy Doen In Hierdie Tyd?

- Hou jou lamp vol olie

Mat 25:1-13



- Soek die Here

**Jes 55:6** Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.

## Wat Kan Ek En Jy Doen In Hierdie Tyd?

- Berei jou voor vir ‘n bruilof

**Joh 14:3** En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.





# Afsluiting

**Joe 2:12** Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag.
**Joe 2:13** En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil;

**Joe 2:16** Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suiglinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek.

# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: +27 66 486 5453

**Bronne:** Die Bybel (1953); Matthew Henry Commentary; Living Bible; Amplified Bible